Mense rondom Jesus se geboorte

Kersprogram 2016:

Inleiding – Deel 1

Met ons Kersdiens vandag fokus ons op Jesus wat aarde toe gekom het en die betekenis daarvan. Natuurlik! Maar ons wil vandag veral kyk na die mense rondom baba Jesus. Die mense in wie se lewens Hy heel eerste ingekom het en reeds tóé geraak het.

Josef en Maria. Die skaapwagters en die sterrekenners. Simeon en Hanna en Koning Herodus. Dan dan natuurlik veel later ook ek en jy. Kyk solank of jy Jesus se effek op die mense om hom kan sien soos ons deur die program beweeg.

Die voorlesers lees uit die nuwe *Direkte Vertaling* en ons hoop dit laat bekende verhale sommer vars op die oor val.

Gebed

Boodskap – Deel 2

Uit Johannes 1 het ons oor Jesus gehoor:
"Alles het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het selfs nie een ding wat bestaan, ontstaan nie. In Hom was lewe, en dié lewe was die lig vir die mense."

- "Lig vir die mense". ...maar watter mense?

- Wel, sommer heel eerste die gewone mense rondom sy geboorte.
  - In wie hierdie mense is,
  - sien ons al klaar die evangelie van God raak...
  - ook vir ons vandag:

- Kom ons kyk:

  - Skaapwagters
    - Eenvoudig ongeleerde mense
    - dikwels jongs seuns wat ander mense se vee opgepas het
      - ongeskool
  - Onrein vanweë hulle veld en diere lewe
    - Kon nie sommer in tempel kom nie
    - Buite geslaap by die skape in die veld in die somermaande
    - Bietjie stinkerig

  - Sterrekenners
    - Uit die ooste: Waarskynlik Persie of Arabië
  - Gewoonlik in die koninklike paleise diens gedoen
    - Sterre – mengsel van astronomie en astrologie
      - Navigasie
      - Seisoene
      - Wiskunde
  - Hoogsgeleerde en gesofistikeerde mense
  - MAAR
    - heidene
    - besig met afgode en towery
    - vyande van Israel

  - Simeon & Hanna

- Opregte mense uit een stuk hout gesny
- Dien die Here elke spaar oomblik
- Vol vertroue gehoorsaam aan Hom
- Vol van die Gees
    - In afwagting van die messias
    - Koester Baba Jesus en verstaan sy doel

- Josef en Maria
    - Verstaan nie baba Jesus nie, maar koester hom tog
    - Skrikkerig en bang
    - Sukkel om te begryp en te vertrou

- Koning Herodes
    - Bitter bang en angstig vir die Messias
        - Die baba-koning bedreig sy kaart huisie van rykdom en mag
        - Dapper om baba's dood te maak!
    - Hy is 'n Israeliet,
        - Maar verstaan niks van die Messias nie
        - Korrup tot op die been
    - Was ook nie uit Dawid se stamboom koning oor Israel nie
        - maar deur politieke skuiwe en gunste.

- Sien jy dit?!:
    - Skaapwagters en Sterrekenners
        - Ongeleerd eenvoudig of geleerd en gesofistikeerd
        - Israeliet en ander nasies
    - Simeon en Hanna en Josef en Maria
        - Diep gelowig en toegewy
        - of wankelend huiwerig
    - Vyand

- Die lig van Baba Jesus,
    - moes na almal uitgaan,
    - het na almal uitgegaan,
    - en het sy werk in almal gedoen
        - selfs op die korrupsie van Herodus geskyn wat nie voor die ware koning wou buig nie.

- Mag ons self die genade hierin raaksien
    - Vir elkeen van ons is die evangelie lig
        - nodig
        - én
        - genoeg
    - Ongeleerd of gesofistikeerd
    - Binne die kerk of buite die kerk
    - Toegewyd en seker; wankelend huiwerig

- En mag Trinitas nie grense aan hierdie lig sit nie
    - ‘n emmer bo-op die lamp nie
    - Mag dieselfde lig uit ons skyn
        - Na almal

Filippense 2:1-11
Moenie iets uit selfsug of ydelheid doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. Julle moet nie elkeen na sy eie belange omsien nie, maar ook na dié van ander.
Julle moet dieselfde gesindheid onder mekaar openbaar as wat in Christus Jesus was:
Hy wat in die gestalte van God was, het nie sy gelykheid aan God beskou as iets waaraan Hy moes vashou nie, maar Hy het Homself prysgegee deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word. En toe Hy

in die vorm van 'n mens verskyn het, het Hy Hom verneder deurdat Hy gehoorsaam geword het tot die dood toe, ja, die dood aan die kruis.
Daarom het God Hom ook uitermate verhoog en aan Hom dié Naam geskenk wat bo elke naam is,
sodat in die Naam van Jesus elke knie sal buig van diegene in die hemel en op die aarde en onder die aarde, en elke tong sal bely:
"Jesus Christus is Here!" —
tot eer van God die Vader.

Amen

Gebed

Griffel van Wyk
Trinitas
Kersdiens
4 Desember 2016